Louise Viljoen

Louise Viljoen is emeritus professor in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch en het in 2019 die leerstoel Zuid-Afrika: talen, literaturen, cultuur en maatschappij aan die Universiteit Gent beklee. Sy is die skrywer van 'Ons ongehoorde soort. Beskouings oor die werk van Antjie Krog' (Sun Press, 2009), ’n kort biografie getitel 'Ingrid Jonker' (Jacana Media 2012/Ohio University Press, 2013) en 'Die mond vol vuur. Beskouings oor die werk van Breyten Breytenbach' (Sun Press, 2014). Sy was saam met Ronel Foster samesteller van die antologie 'Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960' (1998), saam met Hennie van Coller en Helize van Vuuren samesteller van 'Afrikaans Poems with English Translations' (2018) en het ook ’n seleksie gemaak van gedigte uit die werk van Barend Toerien met die titel 'Om te onthou' (2006). Haar navorsingsfokus is die Afrikaanse letterkunde, met spesifiek verwysing na postkolonialisme, geslagtelikheid, identiteit, kosmopolitisme en transnasionalisme.

lv@sun.ac.za